**Vrydag 13 Oktober**
**Skrifgedeelte: Levitikus 9:1-24**
**Fokusgedeelte: Levitikus 9:13 (AFR83)**

## Volkome versoening en algehele toewyding bring gemeenskap met God

Slegs as die Here se teenwoordigheid ervaar word, vind ware aanbidding plaas. Vir hierdie teenwoordigheid van die Here by sy volk moes daar versoening gedoen word deur Aäron, die hoëpriester, vir sy eie sondes en deur hom vir die priesters en vir die volk.

Aäron moes ’n kalf offer as versoening vir homself en sy mense. Aäron was skuldig vanweë die goue bulkalf wat hy gemaak het (Eks. 32:4). Sonder versoening van sonde kan geen gemeenskap met God plaasvind nie. Daarby moes Aäron ook ’n brandoffer bring waar die hele ram met binnegoed, kop, stukke vleis en pootjies verbrand word. Dit wys nie alleen op sy en sy kinders se sondes wat totaal weggeneem moet word nie, maar ook op sy volkome toewyding aan God in sy diens.

Hierna doen Aäron ook versoening vir die volk se sondes waarop die Here met sy magtige teenwoordigheid die offers aanvaar en met sy heilige vuur die offers verteer om so met sy volk gemeenskap te hê. Deur versoening en toewyding word die gemeenskap met God herstel. Almal val in blydskap op hulle knieë – die Here is by hulle!

Hierdie offerwerk van Aäron was eintlik ’n heenwysing na Christus. Eindelik het ons volmaakte Hoëpriester, wat sonder sondes was, al ons sondes op Hom geneem. Hy betaal nie alleen as die Lam van God vir ons sondes aan die kruis nie, maar Hy word verteer deur die toorngloed van God teen ons sondes. Deur sy algehele toewyding en gehoorsaamheid kon volkome versoening met God plaasvind en kan ons deur Christus se bloed met God versoen word. Ons sonde beroof God van sy eer – net Christus herstel God se eer en bring versoening en ware gemeenskap met God. Sal ons nie ook in aanbidding en met blydskap op ons knieë val nie ...

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*
*Ds.TJ Potgieter (Theunis) (emeritus)*